Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

Die Fontein
Weekblad

22 November 2026

Ligdraers in die wêreld –
wat Christus aanbid, Hom bely,
vir Hom getuig en in liefde ander dien!

Ds. Pieter Kurpershoek
Nagmaalserediens - 08:30

Oggend: ***Jesus gee sy Vader se liefde aan ons***
Skriflesing: *Johannes 15:1-11*

Aanddiens – 18:30

Aand: ***Ons leef met erfsonde***
Skriflesing: *Jeremia 16:21 - 17:11;*
Romeine 5:12-20
Belydenis: *Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 15*
Klik hier vir die volledige liturgie.

Kollektes

Banke: *Diakonale sorg*
Deure: *GK Annlin Evangelisasie*

Teeskink

Geen vanweë Nagmaal

Katkisasie & Kleuterbediening

Afgesluit vir die jaar.

Gemeente-ete

Almal word hartlik genooi om vanoggend na die viering van die Nagmaal, saam te kom eet in die saal! Onthou om jou eie eetgerei, drinkgoed en poedingbakkies saam te bring.

Lief en leed: *Siekes*

Graag bid ons vir:

- Elkeen van ons lidmate wat op langtermyn fisies en emosioneel met hul gesondheid worstel.
- Sr. Fransie van Rooyen (W5) wat in die hospitaal is.
- Sr. Hannah Smit (W6) wat steeds in die hospitaal is.
- Br. Maarten Buma (W27) wat in nasorg is.
- Sr. Myna en Br. Vossie Vorster met die afsterwe van Myna se broer.

Blaai om vir meer nuus ...

Lief en leed: *Verjaarsdae*

Heslip	Neil	*16*	*22 Nov.*
Van der Vyver	Johann	*29*	*22 Nov.*
Dobson	Kaci	*41*	*22 Nov.*
Powroznik	Andrea	*41*	*22 Nov.*
Venter	Thomas	*34*	*23 Nov.*
Pietersen	Jacques	*10*	*24 Nov.*
Van der Westhuizen	Anathea	*22*	*24 Nov.*
Britz	Gert	*26*	*24 Nov.*
Bronkhorst	San	*10*	*26 Nov.*
Enslin	Hettie	*15*	*26 Nov.*
Malherbe	Carina	*53*	*26 Nov.*
Louw	Hermien	*08*	*27 Nov.*
Kruger	Paul	*21*	*27 Nov.*
Van der Walt	Braam	*15*	*28 Nov.*
Leslie	Eoné	*48*	*28 Nov.*

Gebeure vir die week

So. 22 Nov.	*08:30*	Nagmaalserediens / *Kerkgebou*
	10:30	Gemeente-ete / *Kerksaal*
	18:30	Erediens / *Kerkgebou*
Di. 24 Nov.	*08:00*	Streeksinode Pretoria / *GK Oos-Moot*
	09:30	Bybelstudie: Seniors / *Konsistorie*

Lief en leed: *Saam-leef*

Ons is dankbaar saam met Johan en Bridget Peens met die geboorte van hul dogtertjie, Aliné. Geluk ook aan oupa Dieter en ouma Alwina Schultz met die eerste kleindogter!

Lief en leed: *Meelewing*

Ons bid vir en saam met sr. Lana Verburg en haar gesin, en al hul geliefdes met die afsterwe van haar man, br. Jan Verburg. Ons bid dat julle in hierdie tyd die troos, genade en nabyheid van ons Hemelse Vader sal ervaar. Die troosdiens is gereël vir Woensdag, 25 November 2026 om 12:00 vanuit ons kerkgebou.

Predikant Pieter Kurpershoek **Tel** 012 543 1095 **Sel** 083 641 6466 **E-pos** pwk@axxess.co.za
Kerkkantoor Clarissa Rehder **Tel** 012 567 1492 **Sel** 079 162 3453 **E-pos** kerkkantoor@annlin.co.za
Webwerf www.annlin.co.za **Facebook** Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin
Erediensopname *Kerkdienstgemist (Klank)* *YouTube (Beeld en klank)*

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

Die Fontein
Weekblad

22 November 2026

Ligdraers in die wêreld –
wat Christus aanbid, Hom bely,
vir Hom getuig en in liefde ander dien!

Tweedehandse verkoping

Ons laaste tweedehandse verkoping vir die jaar is DV op **1 Desember**. As daar lidmate is wat nog klerasie en goedere wil skenk, laai dit asb. voor **Woensdag, 25 November** by die kerkkantoor af. Ons versoek asb. dat alle klerasie skoon en gestryk sal wees. Baie dankie aan elkeen wat hierdie projek moontlik maak!

Spaarblikkieprojek

Daar is nog baie spaarblikkies oor en ons doen weer 'n beroep op lidmate om dit te vul en by die kerkkantoor in te handig. Blikkies is beskikbaar by die kerk se deure. Ook diegene wat reeds blikkies ingehandig het, kan met 'n nuwe blikkie begin! Ons vra ook dat lidmate asb. nie 5c, 2c en 1c stukke in die spaarblikkies gooi nie, maar silwermunte of papiernote.



Almanakke 2027

Ons mik om die 2027 Almanak teen 13 Desember by die kerkkantoor beskikbaar te stel. Lidmate word uitgenooi om hul Almanak dan te kom afhaal. Betaling vir die Almanak kan in die kerkkas se rekening gemaak word met verwysing: **Naam+Almanak.** Dit is R140 per boek.

Jaarprogram 2027

Die GK Annlin 2027 Jaarprogram (die kalender met al die kerkgebeure in) is tans by die drukkers. Ons mik om dit vir lidmate beskikbaar te stel teen 13 Desember, maar sal almal op hoogte hou van die datum.

Opleiding: Dissipelmaking

Kom leer saam, Sondagoggend, **6 Desember** hoe om jou getuienis en die Evangelie op vredevolle wyse met mense te deel. Ons kom na die erediens in die kerksaal bymekaar.

Kerssangdiens: 29 November

Reeds in die Ou Testament het God die belofte van 'n Verlosser gegee, die Een wat sou kom om Sy volk te red. Hierdie belofte is vervul met die geboorte van Jesus Christus! Ons nooi almal hartlik uit na die aanddiens op **29 November** waar ons saam deur Skriflesing en Kersliedere stil sal staan by God se trou en die wonder van God se belofte wat in Christus waar geword het. Kom sing saam en vier die koms van ons Verlosser. Almal is baie welkom!

Bybels as Kersgeskenk

Hierdie Kersfees wil ons graag die geskenk van God se Woord met ander deel. Lidmate word aangemoedig om 'n Bybel te kom koop of 'n donasie te maak sodat ons Bybels aan persone kan beskikbaar stel teen die verminderde prys van **R20**. Donasies vir Bybels kan in die *EVK rekening* betaal word. Help ons om hierdie Kersfees die kosbare geskenk van God se Woord met ander te deel!

Tuinwoonstel te huur vanaf Jan. 2027

In Wonderboom is 'n 1 slaapkamer tuinwoonstel beskikbaar vir 'n student! Die kombuis, sitkamer en eetkamer is oopplan. Daar is 'n toesluit afdak. Water is ingesluit en daar is 'n prepaid kragmeter. *R5 500* per maand. Kontak vir **Hendrilien** by vir meer inligting.

Predikant Pieter Kurpershoek **Tel** 012 543 1095 **Sel** 083 641 6466 **E-pos** pwk@axxess.co.za
Kerkkantoor Clarissa Rehder **Tel** 012 567 1492 **Sel** 079 162 3453 **E-pos** kerkkantoor@annlin.co.za
Webwerf www.annlin.co.za **Facebook** Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin
Erediensopname *Kerkdienstgemist (Klank)* *YouTube (Beeld en klank)*